
# U is Priester vir Ewig



Adrian Ebens

Danutasn Brown

# U is Priester vir Ewig

Adrian Ebens

Danutasn Brown

Gedruk deur

MARANATHA MEDIA

Maranathamedia.co.za/af

Gedruk Maart 2016

Opgedateer Maart 2020

Vertaal na Afrikaans 2022

# Inhoud

Geen Priesterskap vir dié wat vóór die kruis leef nie?.................................... 4

Skaduwees Kan nie Sonder ‘n Werklikheid Bestaan nie .................................. 7

Priesterskap van Melgisédek begin sedert Christus Gegenereer is............... 12

God se Teenwoordigheid by die Israeliete .................................................. 15

Christus, “In Die Dae van Sy Vlees” ............................................................. 18

Traag om te Hoor Aangaande Jesus in die Vlees .......................................... 20

Kosbare Juwele in die Verkeerde Raamwerk................................................. 24

Die Verhouding tussen Genade en die Wet.................................................. 28

Antwoorde op die Oorspronklike Vrae ........................................................ 33

# Geen Priesterskap vir dié wat vóór die kruis leef nie?

Wanneer het die priesterskap van Jesus begin? Baie dink dit het na Sy opstanding begin, met die aanvang van ons post-kruis-era van genade, as gevolg van verse soos volg:

> Hebreërs 2:10 Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.
>
> Hebreërs 2:17,18 **Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan**, om die sondes van die volk te versoen. (18) Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.
>
> Hebreërs 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.
>
> Hebreërs 5:8-9 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; (9) en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword.

Wat is die implikasie? Jesus moes gebore word as 'n mens, "aan Sy broers gelyk word," om in staat en bekwaam te wees om ons hoëpriester te wees. Hy het "versoeking gely" voordat Hy in staat was om "dié [te] help wat versoek word." Hy het "gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het" wat Hom "volmaak" gemaak het – om 'n "voortrefliker bediening [te] verkry" deur 'n "barmhartige en getroue hoëpriester" te word. Dit was die denkpatroon van mense soos Uriah Smith. Onder die subopskrif genaamd *The Incarnation* sê hy:

> Deur ons natuur op homself te neem, **het hy homself in 'n posisie gebring waar hy ons Sy broers kan noem.** Heb. 2:11. **Hy kan <u>dus</u> geraak word met 'n gevoel van ons swakhede**, want hy is in alle opsigte versoek net soos ons, maar sonder sonde; en nadat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié wat versoek word, help. Heb.4:15; 2:18. **Hy het neergedaal om saam met ons deur die skool van die lewe te gaan en**

> **ons die weg te wys. Hy daal tussen sy leerlinge neer om in hul teenwoordigheid die onhanteerbare probleme, waardeur hulle oorrompel word, aan te spreek.** Hy het sy voete op elke weg waarop ons verwag kan word om te bewandel, geplant. Hy was in alle opsigte versoek net soos ons, en in alle opsigte was hy namens ons 'n oorwinnaar. Hy het ons hartseer en smarte gedra. Hy het homself ontledig. Hy was verag en deur die mense verlaat, omdat hulle die vleeslike hart nie wou verloën nie, maar behae gehad het in ongeregtigheid. Hulle het geen gestalte of aantreklikheid of heerlikheid in hom gesien nie, want die weë van deug, reinheid en vrede, wat slegs hy kon bekragtig, wou hulle nie volg nie. Die duisternis sou nie die lig begryp nie. Uriah Smith, *Looking Unto Jesus* bl. 28 (1898) (Vry vertaal)

Uriah Smith dui aan dat Christus mens moes word om hom in 'n posisie te plaas waar hy ons broeders kon noem en sodoende met die gevoelens van ons swakhede geraak kan word. Van wie het Salomo dan geskryf as hy praat van iemand wat sterker aanhang as 'n broer (Spr 18:24) 'n 1000 jaar voor Christus se vleeswording?

> Die werk van oorwinning aan die kant van die Seun van God was as gevolg van ons sondes. **Die versoekings wat hy gely het en die oorwinnings wat hy behaal het, was <u>om hom in staat te stel om sterflike mans en vroue te help</u> wat onder die swakheid van die vlees ly** en deur sterk versoekings geteister word. Die apostel stel hierdie punt duidelik: "Want dit het Hom geword, vir wie alle dinge is en deur wie alle dinge is, deur baie seuns tot heerlikheid te bring, om die Hoof van hulle saligheid deur lyding volmaak te maak." "Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." "Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde." [1] Die goddelike Verlosser was onderwerp aan die felste versoekings, het deur die vreeslikste stryd gegaan en het die heerlikste oorwinnings behaal, sodat Hy die mens kon verlos van die verderf van

> die sondeval, die swakhede van die vlees en die versoekings van die duiwel. James White, *Byble Hygiene* 203.2 (Vry vertaal)
>
> Geseënd is God, "ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde." En geseënd is sy heilige Naam vir die bemoediging wat ons daaruit moet put: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." **Christus het nie slegs gely om goddelike geregtigheid te bevredig nie, maar ook om bekwaam te wees om simpatie met sy volk in hulle lyding te hê.** *Review and Herald* 29 Januarie 1861 (Vry vertaal)

Die idee dat Christus slegs deur Sy vleeswording as 'n priester gekwalifiseer is, blyk sin te maak volgens die verse in Hebreërs. Maar daar is 'n paar vrae wat by my opkom. Was Jesus nie volmaak voordat Hy 'n mens geword het nie? Was Hy nie, voor Hy aan die kruis gesterf het, in staat om diegene wat versoek word te help nie? Hoe is mense dan vir die eerste 4000 jaar van die skepping ondersteun? Het Christus werklik nie die mense verstaan voordat Hy in Betlehem gebore is nie? Hoe kon Hy dan die Israeliete getrou lei? Was daardie nasie moontlik tot vernietiging verdoem, omdat hulle nooit 'n "barmhartige en getroue hoëpriester" gehad het nie? Is dit nie onregverdig teenoor diegene wat voor die kruis gelewe het nie? Hoe kan daar van hulle verwag word om regverdig te wees sonder 'n Hoëpriester wat geregtigheid toereken? Hoe kon daar van hulle verwag word om oorwinning oor sonde te verkry sonder dat 'n hoëpriester hulle kon bystaan? Dit bring die geskiedenis van die Joodse nasie tot 'n onvermydelike tragedie, wie se mislukkings nie as gevolg van hul eie besluite was nie, maar omdat die Seun van God nie volmaak genoeg was om hulle te red nie.

Dit is 'n uiters kommerwekkende gedagte. Is daar werklik so 'n dramatiese verskil voor en na die kruis? Was die eerste 4000 jaar bloot 'n gebroke proeflopie wat voorbestem was om te misluk, in teenstelling met die laaste 2000 jaar wat vol heerlikheid, genade en oorwinning oor sonde is? Was Christus hoegenaamd 'n priester in die eerste 4000 jaar, of slegs 'n onvolmaakte een, een wat nog nie heeltemal "barmhartig en getrou" was nie?

Indien daar geen priester voor Golgota was nie, wat het in die eerste 4000 jaar gebeur? En hoe het Henog, Moses en Elia in die Hemel gekom indien hulle nie deur 'n volmaakte middelaar volmaak gestel is nie?

Is Jesus se posisie as ons hoëpriester dieselfde as Sy rol as ons middelaar? Indien Hy nie voor die kruis ons priester was nie, was daar dan geen middelaar nie? "Want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem." (Heb 10:4) Beteken dit dat daar geen werklike vergifnis gedurende die Ou Testamentiese tyd was nie? Het Dawid dus ter wille van ons ná Golgota, slegs 'n rol gespeel toe hy die volgende gesê het:

> Psalms 32:5 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en Ú het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.

Ellen White sê die volgende:

> Adam en Eva is 'n proeftydperk gegee om terug te keer na hul getrouheid; en hul hele nageslag is ingesluit in hierdie plan van welwillendheid. **Na die sondeval het Christus Adam se instrukteur geword. Hy het in God se plek teenoor die mensdom opgetree en die mensdom van onmiddellike dood gered. Hy het die werk van middelaar tussen God en mens op Hom geneem.** In die volheid van die tyd sou Hy in menslike vorm geopenbaar word. Hy moes Sy posisie aan die hoof van die mensdom inneem deur die natuur van die mens, maar nie die sondigheid van die mens, aan te neem. In die hemel is die stem gehoor: "...vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die Here." [Jesaja 59:20] *Signs of the Times* 29 Mei 1901, par. 11 (Vry vertaal)

"Christus [het] Adam se instrukteur geword." Maar as Christus nooit versoek is nie, was Hy volmaak toegerus om Adam te onderrig? Kom ons kyk noukeurig na hierdie kwessie.

## Skaduwees Kan nie Sonder 'n Werklikheid Bestaan nie

Toe Jesaja die geleentheid gehad het om die Here op 'n hoë en verhewe troon te sien sit, het hy dadelik sy sondigheid aangevoel en uitgeroep: "Wee my,

want ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe...” Jes 6:5. Onmiddellik het 'n engel 'n gloeiende kool van die altaar af geneem en sy mond daarmee aangeraak en sy ongeregtigheid is weggeneem. Jes 6:6. Hier was 'n simbool gebruik. ’n Werklike vuurkool wat aan die lippe van Jesaja raak, sou sy lippe verbrand en pyn veroorsaak het. Die gloeiende kool van die altaar was van die gebraaide lam, 'n simbool van die dood van Christus wat die sonde van die wêreld wegneem. Hoe kon Jesaja se sonde weggeneem gewees het sodat hy in staat gestel kon word om in die teenwoordigheid van God te staan?

'n Verbinding word gemaak tussen die teenwoordigheid van God en die Heiligdom, omdat daar na die altaar verwys word. Die teenwoordigheid van God is met die Heiligdom verbind.

> Exodus 25:8 Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.

> Psalms 77:14 o God, u weg is in [die] heiligheid [heiligdom – sien King James Bybel]. Wie is ‘n groot God soos God?

Die aardse Heiligdom sou 'n simboliese tipe verskaf van die proses waarvolgens God onder die kinders van Israel sou woon. Die offer-lammers en die bemiddeling van die priesters sou die koste demonstreer om God se teenwoordigheid in Israel toe te laat. Tog was dit nie die bloed van stiere en bokke wat die werklike teenwoordigheid van God by Israel gebring het nie. Geen gloeiende kool van 'n brandofferdier op 'n altaar kon die sonde van Jesaja weg was nie. Tog is Jesaja se sonde gereinig en die teenwoordigheid van God was wel deur die Heiligdomstelsel by Israel. Hoe kon die werklike teenwoordigheid van God teenwoordig wees deur 'n simboliese Heiligdom en die offer van stomme diere?

> Hebreërs 8:5 hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

Nou moet ons 'n baie belangrike vraag vra. Is dit moontlik vir 'n skaduwee om te bestaan wanneer die werklikheid nog nie bestaan nie? Kan die skaduwee van 'n boom op die grond gelaat word wanneer die boom self nog nie bestaan

nie? Die offerstelsel wat aan Moses gegee is, was 'n skaduwee van hemelse dinge en as 'n skaduwee op die aarde gelaat word, moes die realiteit bestaan het vir daardie skaduwee om daar te wees.

> Was die offers wat gebring is dus nie tipes van Christus nie? Ja. Maar dit was 'n tipe van Christus se teenwoordigheid deur geloof. Was Christus nie daar nie? **Is Christus, die Lam, wel geslag van die grondlegging van die wêreld af**? Was Christus as 'n gawe van God nie daar voor die wêreld nie? Toe Hy dan mense van Adam af, tot nou toe, almal geroep het—solank die offers op daardie manier gebring is—toe Hy hulle geleer het om daardie offers te bring, wat was dit anders as om hulle te leer dat **dit 'n teken was van hulle waardering vir die groot offer wat God <u>reeds</u> vir hulle gemaak het**, en waarvan hulle die voordeel geniet het, deur daardie gawe, wat Jesus Christus was, in die hart te hê?
>
> Wel, ons het nie nodig om verder te gaan nie. Hierdie is genoegsaam om dit te illustreer. Is dit dan nie duidelik dat alles wat God in daardie dag aan hulle gegee het, bedoel was om hulle te leer aangaande die persoonlike, lewende Verlosser, persoonlik by hulle teenwoordig, as hulle Hom maar net aangeneem het nie? En al wat hulle moes doen om Hom te ontvang, was om in Hom te glo. Die evangelie is aan hulle verkondig. Heb. 4:2. A.T. Jones *General Conference Bulletin* 1895, Preek 25 bl. 478.3,4 (Vry vertaal)

Die enigste moontlike manier vir die teenwoordigheid van God om by Israel te wees, was dat geloof in die offer van Christus direk toegepas is in die dae van Moses. Dit moes wees, want die genade van God en die teenwoordigheid van God is dieselfde ding. Ons sien dit in die verhaal van die sonde van Israel met die Goue Kalf.

> Exodus 33:13-17 As ek dan nou genade in u oë gevind het, **maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind.** En bedink tog dat hierdie nasie u volk is. (14) En Hy antwoord: **Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?** (15) Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie. (16) **Want waaraan sou dan bekend word dat ek genade in u oë gevind het, ek en u volk? Is dit nie daaraan dat U met ons saamtrek nie?** So sal ons, ek en u volk, onderskeie wees van elke volk wat op die

aarde is. (17) Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam.

Die belofte dat die teenwoordigheid van God saam met Israel sou gaan, bedags as 'n wolkkolom en snags as 'n vuurkolom, was 'n bewys dat die genade van God gegee is. Weereens moet dit gestel word dat die werklike teenwoordigheid van God as gevolg van werklike genade was, en werklike genade kan slegs kom van 'n werklike offer wat krag gehad het om daardie werklike teenwoordigheid te bring. Daarom, waar ons verwys na die teenwoordigheid van God by 'n persoon of by mense, sien ons bewyse van die genade van God deur die offer en bemiddeling van Christus. As die teenwoordigheid dus werklik is en die offer werklik is, dan moet die bemiddeling ook werklik wees, sodat sulke genade gegee kan word. Let weer op die denke van deur A.T. Jones in preek 25 van sy 1895-preke, wat deel vorm van die uitgebreide 1888-boodskap.

Daar was ook 'n priesterdom van die aardse tempel op die berg Sion in Jerusalem. Daar was 'n priesterdom van die heiligdom by Silo in die woestyn. Dit is waar dat dit die priesterskap van Christus verteenwoordig het, **maar het dit enige priesterskap van Christus voor 1 v.C. verteenwoordig**? Sal ons sê dat dit 'n priesterskap van Christus verteenwoordig het wat ver weg was? Nee. **Daardie priesterskap in Jerusalem, in die heiligdom in die woestyn, het 'n priesterskap wat volgens die orde van Melgisédek reeds bestaan het, verteenwoordig**? U sal priester wees vir ewig volgens die orde van Melgisédek? Nee, nee. "U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek." **Was Melgisédek nie 'n priester in die dae van Abraham nie? en is die priesterskap van Christus nie vir ewig volgens die orde van Melgisédek nie? Sien jy dan nie dat hierdie hele stelsel van dienste, wat aan Israel gegee is om aan hulle die teenwoordigheid van die Christus daar en dan te verkondig, vir die huidige redding van hulle siele en nie vir die redding van hulle siele agtienhonderd jaar of tweeduisend jaar of vierduisend jaar later of vroeër nie? Sekerlik, sekerlik, dit is so.** A.T. Jones, *General Conference Bulletin* 1895, Preek 25 bl 477.6,7 (Vry vertaal)

A.T. Jones praat van die priesterskap van Christus volgens die orde van Melgisédek wat in die dae van die heiligdom in die woestyn bestaan het, in die konteks van die woorde "U is priester vir ewig." Die Gees van Profesie is meer eksplisiet wanneer dit sê:

> Die priesterskap van Christus het begin net nadat die mens gesondig het. Hy is as priester aangestel volgens die orde van Melgisédek. Die orde is versteur en [hulle was] onder die heerskappy van die dood, maar hulle is gevangenes van hoop gemaak; hulle is nie gelos om uitgewis te word nie. Satan het gedink dat die Here sy houvas op die mens prysgegee het, maar die Ster van Hoop het die donker en somber toekoms met die evangelie wat in Eden verkondig is, verlig. Die saad van die vrou sou die slang se kop vermorsel en die slang sou sy hakskeen vermorsel. Die ander wêrelde wat God geskape het, het met intense belangstelling die hartseer afvalligheid dopgehou. "Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie." 1 Kor. 2:7,8. Sien Rom. 16:25-27. Ms43b-1891 (4 Julie 1891) par. 5 (Vry vertaal)

Ons sien die lig van die ewige verbond wat in die geskrifte van Ellen White in 1891 deurkom. Dit was 'n opgedateerde begrip van wat sy in 1872 geskryf het.

> Die hoëpriester is op 'n spesiale wyse ontwerp om Christus te verteenwoordig, wie **'n hoëpriester vir ewig sou word volgens die orde van Melgisédek.** *Review and Herald* 17 Des. 1872 (Vry vertaal)

Hoe maak ons sin uit die stelling dat Christus vir ewig 'n priester sou word? Hierdie vers kom uit die Psalms (Ps.110:4) en is 1000 jaar voor Christus na die aarde gekom het, geskryf. Dit verklaar in daardie tyd reeds "U is priester vir ewig." Hoe het Christus dan vir ewig 'n priester *geword*? Slegs in die denke van mense wat verlossing gesoek het. Dit is die enigste moontlike manier om sin te maak van hierdie stelling sonder teenstrydigheid.

Die skaduwee wat aan Moses gegee is, het inderdaad 'n werklikheid, wat voor die skadu bestaan het, gehad. Ons let ook op dat die Gees van Profesie nie die leerstelling van die priesterskap van Christus, wat strek vanaf die sondeval van die mensdom, bevorder het, voordat God dit aan Bybelstudente geopenbaar het nie. Die Gees van Profesie het slegs bevestig, nadat dit deur die studie van die Skrif geopenbaar is.

## Priesterskap van Melgisédek begin sedert Christus Gegenereer is

Kom ons bestudeer Melgisédek se priesterskap noukeuriger in die Skrif. Let noukeurig op na 'n parallel wat Paulus tussen Christus en Aäron trek.

> Hebreërs 5:4-6 En niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron. (5) So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hý het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. (6) Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Paulus gebruik die tipiese Hebreeuse parallelisme. Wanneer ons dit in 'n tabel plaas, kan ons makliker die parallelle opmerk.

| Hebreërs 5:4 | Hebreërs 5:5 | Proses |
|---|---|---|
| A. En niemand neem die waardigheid vir homself nie, | So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie | Pos van hoëpriester nie selfaangestel nie (Verklaring A) |
| B. maar | maar | maar (kontras) |

| | | |
|---|---|---|
| C. hy wat deur God geroep word, | Hý het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het | geroepe deur God (Verklaring B) |
| D. net soos Aäron. | U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. | Tydsberekeningverwysing (Voorbeeld) |

Die antwoord op wanneer God vir Sy Seun gesê het “U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek” word in die voorafgaande vers gegee:

> Hebreërs 5:5 ...U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.

Ons sien dus in die Skrif die werklikheid van wat Ellen White en A.T. Jones albei gesê het: dat die priesterskap van Christus sedert die sondeval van die mens werksaam was.

> Die priesterskap van Christus het begin net nadat die mens gesondig het. Hy is as 'n priester aangestel volgens die orde van Melgisedek. *Ms43b-1891* (4 Julie 1891) par. 5 (Vry vertaal)

> Daardie priesterskap in Jerusalem, in die heiligdom in die woestyn, het 'n priesterskap wat volgens die orde van Melgisédek reeds bestaan het, verteenwoordig? U sal priester wees vir ewig volgens die orde van Melgisédek? Nee, nee. “U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.” Was Melgisédek nie 'n priester in die dae van Abraham nie? en is die priesterskap van Christus nie vir ewig volgens die orde van Melgisédek nie? ... Sekerlik, sekerlik, dit is so. A.T. Jones, *General Conference Bulletin* 1895, Preek 25 bl 477.6,7 (Vry vertaal)

Ellen White en A.T. Jones verskil albei van die algemene mening dat Christus eers Hoëpriester vir die mensdom geword het nadat Hy aan die kruis gesterf het nie. Weerspreek hulle die Bybel?

Onthou die evangelie is verkondig aan diegene voor die kruis, soos aan ons (Heb 4:2). En is die evangelie nie die feit dat ons 'n Verlosser het nie? Was Abraham, wat “die vader van ons almal” is (Rom 4:16), sonder Christus? Is die

geloofshelde in Hebreeus 11 sonder 'n hoëpriester regverdigheid toegereken? As Abraham geen kennis van Christus gehad het nie en regverdig was deur die geloof, deur 'n middelaar wat nog nie sy priesterskap begin het nie, hoe "wandel [ons] [ook] in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham"? (Rom 4:12)

> Efesiërs 2:11-12 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, (12) dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Indien almal, van Abel tot Abraham tot Moses, hoop gehad het, God gehad het, die verbonde van die belofte gehad het en deel was van Israel, dan moet hulle ook Christus hê. Want sonder Christus sou hulle sonder God, sonder hoop, en vreemdelinge vir Israel en die verbonde van die belofte wees. Christus moes van die begin af voorbidder gewees het, aangesien die eerste belofte in Génesis 3:15 gegee is – "Ek sal vyandskap stel… tussen jou saad en haar saad…"

Ons sien 'n duidelike voorbeeld in Sagaría 3 van die priesterskap van Christus wat voor die kruis in werking was:

> Sagaría 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE [Christus] staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae.
>
> Maar kom ons kyk watter posisie Christus teenoor Josua en die aanklaer inneem: "Toe het die HERE aan die Satan gesê: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" *Review and Herald* 22 September 1896, par. 3 (Vry vertaal)
>
> Satan sou die volk van God met donkerheid bedek, en hulle verwoes; maar Jesus gryp in. Alhoewel hulle gesondig het, het Jesus tog die skuld van hulle sondes op sy eie siel geneem. Hy het die mensdom as 'n brandhout uit die vuur geruk. **Met sy lang mensearm het hy die mensdom omarm, terwyl hy met sy goddelike arm aan die troon van**

> **die oneindige God vasgehou het.** En so het hy die mens krag gegee om Satan te oorwin en in God te triomfeer. Hulp word binne die bereik van sterwende siele gebring; die teëstander word bestraf. *Review and Herald* 22 September 1896, par. 4 (Vry vertaal)

Waarom praat die Gees van Profesie van Christus met 'n lang mensearm en pas dit toe op die verhaal van Josua, die Hoëpriester, wat meer as 500 jaar voor Christus se vleeswording, plaasgevind het?

## God se Teenwoordigheid by die Israeliete

So nou is ons voorbereid om te toon hoe God die gebed van Moses kon beantwoord dat die teenwoordigheid van God hulle nie sou verlaat nie en dat Hy saam met hulle sou gaan en hulle rus sou gee.

> Hulle het aanskou hoe die wet met ontsagwekkende majesteit afgekondig is, en hulle het in vrees voor die berg gebewe. Nogtans het daar net 'n paar weke verbygegaan voordat hulle hulle verbond met God verbreek en neergebuig het om 'n gesnede beeld te aanbid. Hulle kon geen heil van God verwag deur middel van 'n verbond wat hulle verbreek het nie; en noudat hulle hulle sondigheid en hulle behoefte aan vergifnis besef het, het hulle gevoel dat hulle behoefte het aan die Verlosser **wat in die verbond met Abraham geopenbaar en in die sondoffers voorafgeskadu is.** Nou is hulle deur geloof en liefde aan God as hulle Verlosser uit die diensbaarheid aan die sonde verbind. **Nou was hulle in staat om die seëninge van die nuwe verbond te waardeer.** *Patriage en Profete* 371.4

Die seëninge van die Nuwe Verbond is aan Israel gegee deur bekering en deur die gevoel van 'n behoefte aan 'n Verlosser. Weereens: Antieke Israel kon tydens hul dag "die seëninge van die nuwe verbond waardeer". Die Nuwe verbond was daar vir diegene wat "voel dat hulle behoefte het aan die Verlosser"; hulle het nie nodig gehad om 1500 jaar te wag nie. Die nuwe verbond was vir hulle nie minder beskikbaar as vir ons nie.

Let noukeurig op in die aanhaling hierbo dat die sondoffers en slagoffers skaduwees van die Nuwe Verbond en nie van die Ou Verbond was nie, want daar was geen vergifnis in die Ou Verbond nie.

> Hebreërs 9:14,15 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien. (15) En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar ‘n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.
>
> LET WEL.–Die feit dat Christus, as Middelaar van die tweede verbond, gesterf het vir die vergifnis van die oortredings wat onder die eerste verbond was, toon dat daar geen vergifnis op grond van daardie eerste verbond was nie. *Bible Readings Study on the Covenants* deur E.J. Waggoner 1899. (Vry vertaal)

Wanneer ons begin besef dat die genade van Jesus Christus vanaf die grondlegging van die wêreld beskikbaar was en dat die Nuwe Verbond se beloftes vanaf daardie tyd ten volle beskikbaar was deur die priesterskap van Christus, dan is ons gereed om die volle impak van die Eerste Engel se boodskap te verstaan.

> Openbaring 14:6 En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg **met 'n ewige evangelie** om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.




Indien 'n evangelie ewig is, moet daar 'n ewige priesterskap wees wat vergifnis, genade en oorwinning in hierdie lewe, deur die inwoning van die

teenwoordigheid van Christus, kan verskaf. Die predikers van die Eerste Engel se Boodskap het tot die wete gekom dat die evangelie inderdaad ewigdurend was. Moses het die evangelie verkondig, en nie net ‘n belofte van die evangelie 1500 jaar in die toekoms van Israel nie.

> Hebreërs 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle...

Die evangelie is goeie nuus van vergifnis en genade, vrylik beskikbaar. Dit sou nie goeie nuus vir Israel gewees het om aan hulle te verkondig dat vergifnis en genade 1500 jaar na hulle dood sou kom nie, wat hulle met geen vermoë sou laat om sonde in hierdie lewe te oorkom nie. Dit sou bloot die belofte van die evangelie gewees het en nie die evangelie self nie. Sulke prediking sou slegs woorde van bespotting vir Israel gewees het, wat hulle tot die dood veroordeel het sonder enige hoop om die genade van Christus in hul lewens te smaak. Ons herhaal die punt dat skaduwees slegs bestaan, omdat die werklikheid voor dit bestaan het.

Slegs wanneer ons die waarheid sien dat die bemiddeling van Christus vanaf die grondlegging van die wêreld bestaan het, kan ons sê dat ons die ewige evangelie het en die krag wat in die Eerste Engel se boodskap vervat is, begryp. Dan kan ons geïnspireerde stellings soos hierdie begin waardeer:

> Die wêreld is aan Christus oorgegee, en deur Hom het die seëninge van God na die gevalle mensdom gevloei. **Hy was hulle Verlosser sowel voor as na Sy vleeswording. So gou as die sonde ontstaan het, was daar ook ’n Verlosser**. *Koning van die Eeue* (1940) Bl. 176.3

> Toe Adam gesondig het, het die Seun van God Homself as borg vir die menslike geslag aangebied, **met net soveel krag** om die straf wat oor die skuldiges uitgespreek is, af te weer as toe Hy aan die kruis van Golgota gesterf het. *The Faith I Live By*, Bl.75,4. (Vry vertaal)

> Die evangelie is oorspronklik deur Christus aan Adam verkondig. Adam en Eva het opregte hartseer en berou oor hul skuldgevoel gehad. Hulle het die kosbare belofte van God geglo, en is van algehele ondergang gered. *The Review and Herald*, 29 April 1875. (Vry vertaal)

Die voël wat geslag is, was oor lewende water (‘n stroom water) geslag; daardie vloeiende stroom was 'n simbool van die altyd vloeiende, altyd reinigende werking van die bloed van Christus, **die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af, die fontein wat oop was vir Juda en Jerusalem**, waarin hulle hulle kan was en rein kan wees van elke vlek van sonde. Ons moet vrye toegang hê tot die versoenende bloed van Christus. Dit moet ons beskou as die kosbaarste voorreg, die grootste seën wat ooit aan die sondige mens gegee is. *1 Bybelkommentaar* 1111. (Vry vertaal)

Ons kan die gees wat Henog, Josef en Daniël gehad het, besit. Ons kan uit dieselfde bron van krag put, en dieselfde krag van selfbeheersing verwerklik; en dieselfde genade mag in ons lewens skyn. *Our High Calling*, 278.6. (Vry vertaal)

## Christus, “In Die Dae van Sy Vlees”

Maar ons word steeds vasgevang deur sommige verse. Dikwels is dit as gevolg van die tradisies wat ons geërf het. Byvoorbeeld, die opskrif wat aan hierdie afdeling in my Bybel in Hebreërs 5 gegee word, is "Christus se voorbereiding om as Hoëpriester te dien":

Hebreërs 5:7-10 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs – (8) Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; (9) en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, ‘n bewerker van ewige saligheid geword (10) en is deur God genoem ‘n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek.

Die “dae van sy vlees” verwys na Christus se 33 jaar op hierdie aarde, nie waar nie? En daarna het Hy dan “ ‘n bewerker van ewige saligheid geword”. Maar hoe weet ons dit vir seker? Het Jesus eers sy verbintenis met die mensdom begin toe Hy as 'n mens gebore is? Die laaste vers stel iets anders voor, want om 'n priester te wees volgens die orde van Melgisédek beteken dat dit vir ewig sal wees, wat Ou Testamentiese tye insluit, omdat:

Psalms 110:4 Die HERE **het** gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Reeds in die tyd van Dawid het God die Vader gesweer dat Christus vir ewig 'n priester is. Die oomblik toe Adam gesondig het en Jesus aangebied het om Sy plek in te neem en hom die lewe te gee as die Lam wat geslag is "van die grondlegging van die wêreld af" (Openb 13:8), toe reeds het Christus "die dae van Sy vlees" binnegegaan.

Met sy lang mensearm het hy die mensdom omarm, terwyl hy met sy goddelike arm die troon van die oneindige God vasgehou het. *The Review and Herald,* 22 September 1896, par. 4 (In die tyd van Sagaría) (Vry vertaal)

Christus het as mens gekom om die mensdom te bereik. **'n Goddelik-menslike Verlosser was nodig om aan die wêreld verlossing te bring**. En aan mans en vroue is die heilige pand toevertrou om "die onnaspeurlike rykdom van Christus" te verkondig. Efésiërs 3:8. *Handelinge van die Apostels*, bl.108; *The Acts of the Apostles*, 134.2

**Jesaja 63:9 In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.** [Hy het die mensdom sedert die aanvang van sonde gedra.]

Die oomblik dat die mens die versoekings van Satan aanvaar het, en presies die dinge gedoen het wat God gesê het hy nie moet doen nie, het Christus, die Seun van God, tussen die lewendes en die dooies gestaan en gesê: "Laat die straf op My neerkom. Ek sal in die mens se plek staan. Hy sal nog 'n kans kry." *The Faith I Live By*, 75,3 (Vry vertaal)

In Sy menswees is Christus met soveel groter versoeking beproef, met soveel meer volhardende energie as wat die mens deur die bose beproef word, want Sy natuur is groter as die mens s'n. **Dit is 'n diepsinnige verborge waarheid, dat Christus deur die mees sensitiewe simpatie aan die mensdom verbind is. Die bose werke, die bose gedagtes, die bose woorde van elke seun en dogter van Adam druk op Sy goddelike siel**. *Our Father Cares*, 119 120 (Vry vertaal)

# Traag om te Hoor Aangaande Jesus in die Vlees

Die hele mensdom het dit glad nie verstaan nie, want hierdie dinge word geestelik verstaan. Na Paulus se uitsprake omtrent "die dae van sy vlees" maak hy hierdie interessante stelling in vers 11.

> Hebreërs 5:11 waaroor [Christus as Hoëpriester] ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.

Die traagheid van ons sintuie omtrent hierdie saak word deur Ellen White op hierdie manier uitgedruk:

> Diegene wat dink aan die gevolge daarvan om die evangelie te bespoedig of in die wiele te ry, dink daaraan in verhouding tot hulleself en tot die wêreld. Min dink aan die verband met God. Min bepeins die lyding wat die sonde ons Skepper aangedoen het. **Die ganse hemel het tydens Christus se foltering gely, maar daardie lyding het nie met Sy openbaarmaking as mens begin of geëindig nie. Die kruis is 'n openbaring aan <u>ons afgestompte gewaarwording van die pyn wat sonde, reg van sy ontstaan af, tot die hart van God gebring het</u>.** Elke afwyking van wat reg is, elke wrede daad, elke mislukking van die mensdom om Sy ideal te bereik, bring vir Hom droefheid. *Opvoeding*, Bl. 215,216

E.J. Waggoner was ook nie duidelik hieroor nie. In 1891 verduidelik hy Heb 5:7-10 in terme van die sigbare vleeswording van Christus 2000 jaar gelede.

> "Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs – Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het." [Heb 5:7-8] Jesus het nagte deur gebid tot die Vader. Waarom sou dit wees, as Hy nie deur die vyand onderdruk was nie, deur die oorgeërfde swakheid van die vlees? **Hy het "gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het". Nie dat Hy ooit ongehoorsaam was nie, want Hy het "geen sonde geken nie; maar deur die dinge wat Hy in die vlees gely het, <u>het Hy geleer waarmee mense te kampe het in hulle pogings om gehoorsaam te wees</u>.** En so, "deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye

kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Heb. 4:15,16. E.J. Waggoner, *Present Truth* UK 2 Julie 1891 (Vry vertaal)

In die Goddelike Patroon, (Sien die boekie *Goddelike Patroon van die Lewe* op vadervanliefde.com) lei die sienlike na die onsienlike (Kol 1:15); en meditering oor hierdie sigbare werk van Christus het Waggoner uiteindelik gelei tot 'n begrip dat Christus menslikheid/vleeslikheid op Hom geneem het die oomblik toe Adam in sonde verval het. Dit was die enigste manier hoe Hy ons Verlosser kon wees:

Daar word redelik algemeen aanvaar dat die Woord agtienhonderd jaar gelede vlees geword het in die persoon van Jesus van Nasaret, sodat Hy die mens se toestand en behoeftes kan leer ken en sodoende met hulle simpatie kan hê en hulle kan help. Dat dit die verkeerde idee is, kan deur 'n oomblik se nadenke ingesien word, sowel as deur eenvoudige stellings van die Skrif. Die Psalmdigter sê: "Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is." Ps. 103:14. Weereens: "Here, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. Want daar is nog geen woord op my tong nie - of U, HERE, U ken dit geheel en al." Ps. 139:1-4. Dit is Hy op wie mense moet staatmaak vir 'n kennis van hulleself. "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere." Jer. 17:9,10a. "Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie." Jer. 10:23.

Dit alles was waar agtienhonderd jaar voor Christus, net soveel as agtienhonderd jaar na Christus. God het die mens ook geken, en het net soveel simpatie met hulle gehad, vierduisend jaar gelede as wat Hy vandag het. Toe die kinders van Israel in die woestyn was – "in al hulle benoudheid was Hy benoud." Jes. 63:9a. Die profeet kan sewehonderd jaar voor Christus, met reg sê: "Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en ons smarte – dié het Hy gedra." Jes. 53:4a. <u>God was in Christus, nie om die mens te ken nie, maar sodat die mens kan weet</u>

dat Hy hulle ken. In Jesus leer ons hoe goedhartig en meelewend God nog altyd was, en het ons 'n voorbeeld van wat Hy in enige mens wat ten volle aan Hom sal oorgee, sal doen. E.J. Waggoner, *Present Truth* UK, 19 Desember 1895 (Vry vertaal)

E.J. Waggoner som die saak pragtig op. Jesus is as 'n mens gebore "nie om die mens te ken nie, maar sodat die mens kan weet dat Hy hulle ken." Christus is ons Skepper, Hy ken ons beter as wat ons onsself ooit op ons eie sou kon ken. Ons is sondige mense wie se harte "bedrieglik is bo alle dinge" (Jer 17:9), en ons besef nie hoe Jesus ons die hele tyd gedra het nie – Hy het ons "al die dae van die ou tyd" gedra (Jes 63:9). Hoe arrogant om te dink dat Jesus ons nie kan ken indien Hy nie as 'n mens gebore was nie. Maar die sondige mens vind dit moeilik om te glo tensy Christus "bewys" dat Hy werklik 'n sondelose lewe kon uitvoer en oorwin; al het Hy reeds in Henog en Elia oorwin. "In Jesus leer ons hoe goedhartig en meelewend God nog altyd was, en het ons 'n voorbeeld van wat Hy in enige mens wat ten volle aan Hom sal oorgee, sal doen." Daarom is genade na die kruis meer vrylik beskikbaar – want ons is meer gewillig om te glo dat dit daar is, alhoewel dit nog altyd daar was.

**Steeds in die Vlees.**-"...elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie." 1 Joh iv. 2, 3. **Om Christus te bely, is dit nie genoeg om te glo dat Christus eens gelewe en gely en gesterf en opgestaan het nie. Ons moet nie net bely dat Hy wel in die vlees gekom *het* nie, maar dat Hy "in die vlees" kom. Hy is 'n teenwoordige Verlosser. In al die beproewinge van die Israeliete van ouds, was Hy ook beproef, en net so ook nou – "ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie**" Heb. 4:15. Hy voel steeds alles wat ons aanraak, want Hy is steeds in die vlees. Selfs in die hemelse plekke. Hy is steeds "die mens Christus Jesus." 1 Tim 2:5. Hy is ons voorloper, m.a.w. een van die broeders wat vooraf gegaan het om vir die res plek te berei. Wanneer Hy weer kom, sal Hy in die vlees kom, want Sy vlees het nie korrupsie gesien nie en dieselfde vlees wat in die graf ingegaan het, het ook opgevaar na die hemel. "Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die

hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring." Ef. 4:10. E.J. Waggoner, *Present Truth* UK, 19 Desember 1895 (Vry vertaal)

Om te ontken dat die Gees van Jesus vandag in ons vlees kom, is die Gees van die Antichris. Christus word vandag in die vlees deur die kombinasie van Sy goddelikheid met ons menslikheid getoon. Ons word deelgenote van die goddelike natuur, wat die goddelike natuur van Christus is (2 Pet 1:4).

Hierdie Goddelike en menslike kombinasie was presies dieselfde voor die Kruis en daarna, soos in hierdie vers aangedui word:

1 Petrus 1:9-11 En die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. (10) Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, (11) en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd **die Gees van Christus wat in hulle was**, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.

Weereens, sien ons Christus in die volgende gedeelte in die vlees van Eségiël.

Eségiël 2:1-2 En Hy het vir my gesê: Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek. (2) **En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het**, en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het.

En die gebed van Dawid was om sy menslikheid met Christus se goddelike natuur te verenig sodat Christus in menslike vlees gemanifesteer kan word.

Psalms 51:12 Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.

Ons lees oor die lewe van Abígail:

In die karakter van Abígail, die vrou van Nabal, het ons 'n illustrasie van vroulikheid volgens die orde van Christus... 21MR 213

Hierdie woorde kon van geen ander kom as van die lippe van een wat die wysheid van Bo gesmaak het nie. Abigail se godsvrug het hom soos die geur van 'n blom onbewus op haar gelaat en in woord en in daad uitgeadem. **Die gees van die Seun van God het by haar gewoon**. Haar

> woorde was met genade gekrui en vol van vriendelikheid en vrede, en het 'n hemelse invloed versprei. *Patriarge en Profete* 708.1

Toe Abígail 'n beroep op Dawid gedoen het met betrekking tot sy plan om hom te wreek op Nabal se ondankbaarheid, was Christus op daardie oomblik in Abígail se vlees, toe sy haarself aan die Gees van Jesus onderwerp het en Sy karakter uit haar hart laat skyn het. Christus was in haar, die hoop op heerlikheid.

## Kosbare Juwele in die Verkeerde Raamwerk

Wat was dus die hoofrede waarom hierdie kosbare ewige evangelie in hierdie laaste dae vir die mensdom verborge was? Let weer op die woorde van A.T. Jones in Preek 25. Hy haal uit die voorloper van *Koning van die Eeue* aan, wat op daardie stadium die *Lewe van Christus* genoem is.

> Die Heiland het nie gekom om tot niet te maak wat die patriarge en profete gespreek het nie; want dit was Hy self wat deur hierdie manne gespreek het. Al die waarhede van Gods Woord het van Hom gekom. **Maar hierdie kostelike kleinode is vals voorgestel. Hulle kosbare lig is gebruik om dwaalleer te bevorder. God wou hê dat hulle uit daardie valse rame geneem, en in die raam van die waarheid geplaas moes word. Hierdie werk kon alleen deur 'n goddelike hand gedoen word. Deur sy verbintenis met dwaalleer het die waarheid die saak van die vyand van God en mens gedien. Christus het gekom om dit te stel waar dit God sou verheerlik en die verlossing van die mens sou bewerkstellig.** A.T. Jones General Conference Bulletin 1895, Preek 25, bl. 472.16; *Koning van die Eeue*, 1940, Bl. 350.4

Wat was die sleutel tot die valse raamwerk, wat in die pad van die ewige evangelie en die waarheid dat Christus vir ewig 'n priester is na die orde of Melgisédek, gestaan het? Augustinus, die vader van die moderne Christendom, van wie Hieronymus gesê het dat hy "die antieke geloof opnuut gevestig het", het gesê dat slegs "aardse geluk uitdruklik aan die Jode belowe word". Dit maak sin indien hulle nog nie 'n volledig-gekwalifiseerde Hoëpriester gehad het nie.

> In daardie testament, wat tereg die Ou Testament genoem word, en op die berg Sinai gegee is, word **slegs aardse geluk uitdruklik belowe**. Gevolglik word daardie land, waarheen die nasie, na hulle gelei is deur die woestyn, geneem is, die beloofde land genoem. Vrede en koninklike mag, en die verkryging van oorwinnings oor vyande, en 'n oorvloed van kinders en van vrug van die land, en gawes van 'n soortgelyke soort, is in hierdie land **die beloftes van die Ou Testament. En dit is inderdaad afbeeldings van die geestelike seëninge wat tot die Nuwe Testament [verbond] behoort**; Philip Schaff, "*Augustine, Anti Pelagian Writings*," *Nicene and Post Nicene Father* Series 1, Vol 5 (Vry vertaal)

Protestantisme het hierdie idee voortgesit, soos uitgedruk deur Johannes Calvyn:

> Die Ou Testament, beskou vanuit die kenmerkende idee van "wet", is een van "gebondenheid", terwyl die Nuwe Testament een is van "vryheid" deur die evangelie. John Calvyn, *Institutes* 2.11.9-10, Bl. 458-460 (Vry vertaal)

Die Adam Clarke-kommentaar het hierdie idee soos volg uitgedruk:

> Sy amp van priesterskap is voortrefliker as die Levitiese, want die verbond is beter, en gevestig op beter beloftes: die ou verbond het na aardse dinge verwys; die nuwe verbond, na die hemelse. Die ou verbond het beloftes van sekulêre goed gehad; die nuwe verbond, van geestelike en ewige seëninge. So ver Christenskap verkieslik bo Judaïsme is, so ver Christus verkieslik bo Moses is, so ver geestelike seëninge verkieslik bo aardse seëninge is, en so ver die behae van God deur die ewigheid verkieslik bo die kommunikasie van aardse goed gedurende tyd is; so ver oortref die nuwe verbond die oue. *Commentary op Heb 8:6* (Vry vertaal)

Die raamwerk wat Rome en die Protestante almal gevolg het, was dat die verbonde gebeure van tyd was. Vir hulle het die Ou Verbond, en die priesterskap verbonde daaraan, bestaan tot die tyd van die Kruis, en die Nuwe Verbond, met die priesterskap daaraan verbonde, het in werking getree nadat Christus aan die kruis gesterf het. Hierdie raamwerk het die waarheid gebring

om dwaalleer te dien, en die Here het 'n uiters kosbare boodskap deur ouderlinge Jones en Waggoner gestuur om hierdie valse raamwerk af te breek en die ware krag van die evangelie te laat skyn[1]. In 1888 het Waggoner gereageer op George Butler se benadering tot die verbonde deur die Ou Bedeling en die Nuwe Bedeling. Hy begin deur Butler aan te haal:

> "Daar was dus geen gepastheid om steeds die skeidingsmuur tussen hulle en ander te handhaaf nie. Hulle het nou almal op dieselfde vlak voor die oë van God gestaan. Almal moet Hom nader deur die Messias wat in die wêreld gekom het; deur Hom alleen kan die mens gered word." Aanhaling van G.I. Butler (Vry vertaal)

> Bedoel jy om hiermee aan te dui dat daar ooit 'n tyd was dat enige mens God kon nader behalwe deur Christus? Indien nie, beteken die taal niks nie. Jou woorde blyk te impliseer dat die mens voor die eerste koms deur middel van die seremoniële wet tot God genader het, en dat hulle daarna deur die Messias tot Hom genader het; maar ons sal na ander bronne as die Bybel moet gaan om enige ondersteuning te vind vir die idee dat enigiemand ooit tot God kon nader behalwe deur Christus. Amos 5:22; Miga 6:6-8, *Evangelie in Galasiërs*, E..J. Waggoner, 1888, bladsy 7,8 (Vry vertaal)

Hierdie valse raamwerk van die Ou en Nuwe Verbond wat deur manne soos Augustinus en Calvyn ontwikkel is, het in die pad gestaan van die Eerste Engel, om die ewige evangelie ten volle in besit te neem. Die waarheid van Adventisme is gebruik om dwaalleer te bevorder, omdat dit onder hierdie valse raamwerk van die verbonde vasgevang was. Waggoner stel in 1896 hierdie idee selfs meer eksplisiet:

> Maar die belangrikste ding, met verwysing na Melgisédek, is dat Abraham onder dieselfde "bedeling" geleef het as wat ons leef. Die priesterskap was destyds dieselfde as nou. Ons is nie net bloot die kinders van Abraham as ons in geloof staan nie, maar ons groot Hoëpriester, wat deur die hemele ingegaan het, word deur die eed van God vir ewig 'n Hoëpriester gemaak, "volgens die orde van

---

[1] Sien die boekie *Haal Augustinus se Verbondsbril af* op maranathamedia.co.za/af

Melgisédek." Dit word dus dubbel en dwars getoon dat "as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." "Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly." (Johannes 8:56)

**Abraham was dus 'n Christen net soveel soos enigiemand wat sedert die kruisiging van Christus geleef het.** "Die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem." (Handelinge 11:26) Maar die dissipels was nie anders nadat hulle Christene genoem is as wat hulle voorheen was nie. Toe hulle slegs as Jode bekend was, was hulle net soveel Christene as wat hulle was nadat hulle so genoem is. Die naam is maar van min waarde. Die naam "Christene" is aan hulle gegee, omdat hulle volgelinge van Christus was; maar hulle was volgelinge van Christus voordat hulle Christene genoem is, net soveel as wat hulle daarna was. **Abraham was, honderde jare voor die dae van Jesus van Nasaret, presies wat die dissipels was wat in Antiochíë Christene genoem is; hy was 'n volgeling van Christus.** Daarom was hy in die volste sin van die woord 'n Christen. Alle Christene, en geen ander nie, is kinders van Abraham. E.J. Waggoner, *Present Truth* UK, 28 Mei 1896 (Vry vertaal)

In die Ou Verbond probeer ons om in God se teenwoordigheid in te gaan deur ons eie werke en ons eie vlees, maar in die Nuwe Verbond doen ons dit deur die bloed van Christus. Dit is die geval of ons voor of na die kruis gelewe het, want Abraham was slegs deur Christus regverdig, want daar is geen geregtigheid buite Christus nie.

Hebreërs 6:19-20 En ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel. (20) waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.

Hebreërs 10:19-22 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus (20) op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, (21) en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, (22) laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerd-

heid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.

## Die Verhouding tussen Genade en die Wet

Die King James-vertalers het, onder die invloed van hierdie verkeerde verbondstelsel, aanvullende woorde by die Bybel gevoeg om dit by hulle begrip aan te pas.

> Johannes 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. (1953 Afrikaanse Bybel)

> Johannes 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; *maar* die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. (Vry vertaal vanuit KJV)

Die aanvullende woord *maar* (in die King James Bybel) kontrasteer die tydperk voor en na die kruis as wet teenoor genade. Wanneer ons die aanvullende woord *maar* verwyder en 'n bietjie dieper in die Grieks delf met betrekking tot die woord *Want*, sien ons 'n ander prentjie.

> Johannes 1:17 Omdat die wet deur Moses gegee is, het die genade en die waarheid deur Jesus Christus gekom. (Vry vertaal)

Jy sal hierdie valse raamwerk op 'n aantal plekke, waar aanvullende woorde voorkom, vind. Kolossense 2:16,17 is een van die mees kritieke verse.

> Kolossense 2:16,17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie, (17) wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam *behoort aan* Christus.

Gelees in die lig van die ewige verbond, hou die wet op om in stryd met die evangelie te wees en die teks lees meer natuurlik soos volg:

> Kolossense 2:16,17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie, (17) wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; selfs die liggaam van Christus.[2]

---

[2] Sien die Boekie *Showing Respect for Colossians 2:16-17* op maranathamedia.com

Wanneer ons die ewige verbond in die tyd van Moses geopenbaar sien, dan hou die heilige dae, nuwemane en sabbatte op om in stryd met die evangelie te staan, sodat dit duidelik is waarom God se volk die Sabbatte en Nuwemaan met vreugde op die aarde wat nuut gemaak is, sal onderhou.

> Jesaja 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

Wanneer ons die Bybel lees deur die valse raamwerk van die verbonde in Bedelings, kan ons allerhande probleme ondervind. Let op hierdie gedeelte in Hebreërs:

> Hebreërs 1:1 Nadat God baiekeer en op baie manière in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun

Wanneer ons hierdie vers in kontras lees, dan kan dit vir ons sê dat God eers in hierdie laaste dae deur Sy Seun met die wêreld begin praat het; voorheen het Hy direk deur die profete met die vaders gepraat en nie deur Christus nie. Maar dit is verkeerd.

> Diegene wat beweer dat Christus die wet afgeskaf het, leer dat Christus die Sabbat verontheilig en Sy dissipels geregverdig het waar hulle dit ook gedoen het. Hulle neem dus feitelik dieselfde standpunt in as die vitterige Jode. Daardeur weerspreek hulle die getuienis van Christus self, toe Hy gesê het dat Hy die gebooie van Sy "Vader bewaar en in Sy liefde bly." Joh. 15:10. Nóg die Heiland nóg Sy navolgers het die wet van die Sabbat oortree. Christus was 'n lewende verteenwoordiger van die wet. Nooit eenmaal het Hy die heilige voorskrifte in Sy lewe oortree nie. Die volk wat gedurig gesoek het na iets waarvoor hulle Hom kon veroordeel, het Hy met die woorde "Wie van julle oortuig My van sonde?", uitgedaag. Joh. 8:46.
>
> Die Heiland het nie gekom om wat die patriarge en profete gespreek het tot niet te maak nie; want dit was Hy self wat deur hierdie manne gespreek het. Al die waarhede van Gods Woord het van Hom gekom. Maar hierdie kostelike kleinode is vals voorgestel. Hulle kosbare lig is gebruik om dwaalleer te bevorder. God wou hê dat hulle uit daardie

> valse rame geneem, en in die raam van die waarheid geplaas moes word. *Koning van die Eeue*, 1940, Bl. 250.3,4

Dit was Christus, die enigste Middelaar tussen God en die mens, wat deur die profete met die vaders gepraat het. Toe God in hierdie laaste dae deur Sy Seun met ons gepraat het, sê dit vir ons dat ons, deur die koms van Christus in die wêreld, nou getoon is wat verborge was vanaf die tyd toe die wêreld begin het.

> Romeine 16:25 Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verbongenheid wat eeue lank verswyg is

Die lyding van Christus en sy gevolglike priesterskap wat geopenbaar is toe Christus 2000 jaar gelede na hierdie wêreld gekom het, het reeds bestaan; maar dit is nie geopenbaar, of duidelik en openlik bekend gemaak tot Sy geboorte as die mens, Jesus van Nasaret nie.

> Hebreërs 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Toe Moses die boek Génesis geskryf het, het hy die evangelie in die skepping van die wêreld beskryf. Paulus maak hierdie verbinding soos volg:

> Romeine 10:17-18 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. (18) Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? **Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde**.

Paulus haal uit die boek Psalms aan in verband met die skepping van die wêreld.

> Psalms 19:2-5 Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. (3) Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: (4) daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem. (5) **Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak**

Die lig wat God op dag een van die skepping geskape het, het geen ligbron gehad nie. Die lig het net verskyn. Dit was eers op dag vier van die skepping

dat twee groot ligte werklik in die hemele verskyn het. Dit verteenwoordig die waarheid van Christus:

> Johannes 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Die lig was daar in die Ou Testament, dit is net nie gesien tot aan die einde van die 4de millennium toe Christus mens geword het nie.

Moses het bewyse gehad van dinge wat nie gesien is nie. Hy het die vaste vertroue van die evangelie gehad deur dit waarop hy gehoop het. Die mens voor die Kruis was bewus daarvan dat daar 'n Hemelse Heiligdom was en dat God daar gewoon het, maar dit is nie duidelik getoon totdat Christus in die vlees geopenbaar is nie.

> Psalms 11:4 Die HERE is in sy heilige paleis; die troon van die HERE is in die hemel; sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders.

> 1 Konings 8:30 Luister dan na die smeking van u kneg en van u volk Israel wat **hulle na hierdie plek toe sal bid** [1]; ja, **mag U hoor elke gebed na u woonplek** [2], na die hemel toe, en as U dit hoor, vergewe dan.

> Hebreërs 9:8 waarmee die Heilige Gees dit duidelik maak, dat die weg na die heiligdom **nog nie geopen is** so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie.

Baie mense wat na die aardse tempel gekyk het, was verblind vir die geestelike werklikheid in die hemel, wat dit verteenwoordig het. Eers toe Christus na die hemel teruggekeer het, het die waarheid van die hemelse Heiligdom uiteindelik duidelik geword. Die Gees van God kon hierdie waarheid duideliker in hulle denke openbaar ná Christus se hemelvaart; asook toe die tempel in Jerusalem vernietig is.

> Die groot moeilikheid met die Jode van die begin tot die einde was om die Here so ver weg te stel, dat selfs die dinge wat God gegee het om Sy volmaakte nabyheid aan te dui, geneem en gebruik is as tekens dat Sy wese ver weg is. **Slagoffers, offergawes, die tabernakel, die tempel, sy dienste, al daardie dinge is deur die Joodse leraars en die groot massa van die mense gebruik op so 'n manier dat al wat hierdie dienste vir**

> **hulle beteken het, was dat hulle na Christus iewers ver weg gewys het.** Hulle het verstaan dat hierdie dinge die Messias beteken het, maar dit was die Messias ver weg. En hulle moet hulleself verbeter om Hom nader te bring, en hierdie dinge is beskou as iets wat op sigself deug besit en dus in staat was om geregtigheid te skenk.
>
> Ek is nie seker of Sewendedag Adventiste verder as die idee gekom het van daardie dinge wat toe gebeur het nie, dat hulle Christus ver weg aangedui het. Ek sê nie nou dat Sewendedag Adventiste dink dat Christus nou ver weg is nie. Maar ek is bevrees dat hulle nie weggebreek het van die idee, wanneer hulle na die heiligdom en sy dienste, die slagoffers en offergawes kyk, dat dit bedoel was om hulle van Christus daar êrens ver weg, te leer. Daar word dus gesê dat hierdie dinge alles op Christus gewys het. Hierdie dinge het alles op Christus gewys, dit is waar. Maar dit was Christus naby en nie ver nie. God het bedoel dat al hierdie dinge moet wys op Christus wat in hulle harte woon, nie 1800 jaar ver weg nie, nie so ver as wat die hemel van die aarde af is nie**, maar na Christus in hulle lewenservaring van dag tot dag. Wanneer ons aan daardie idee vashou en dan die heiligdom, die slagoffers, die offergawes bestudeer, kortom, die evangelie soos dit in Levítikus is—dan sal ons sien dat dit Christus as 'n lewende, teenwoordige Verlosser vir hulle van dag tot dag beteken het en ons sal ook sien dat Hy dit ook vir ons vandag is**. A.T. Jones *Algemene Konferensie Bulletin* 1895, Preek 25 Bl. 476 (Vry vertaal)

A.T. Jones openbaar 'n diep waarheid aan ons, dat indien ons glo dat die slagoffers en tempelstelsel van die Jode na Christus in die toekoms gewys het, dan word ons blootgestel aan idees wat ons vleeslike neiging aanmoedig om te glo dat Christus ver van ons is, selfs terwyl ons bely dat Hy naby is. Onthou dat Rome 'n stelsel ontwikkel het, spesifiek:

> ...'n metode waardeur hulle God kan vergeet terwyl hulle dit voordoen as ‘n metode waardeur hulle Hom onthou. Die pousdom is wel daarop bereken om in die behoeftes van sulkes te voorsien. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 518

Die stelsel van die verbonde in twee bedelings is beslis deur Augustinus, een van die groot vakmanne van die Rooms-Katolieke stelsel, verkondig en dit is

bereken om dit te laat lyk dat Christus naby ons is, maar Hom eintlik verder wegstoot.

## Antwoorde op die Oorspronklike Vrae

Dit is belangrik, voordat ons hierdie studie afsluit, om weer te kyk na die oorspronklike gedeeltes wat gebruik is om te verklaar dat die priesterskap van Christus eers begin het na Sy dood aan die kruis. Selfs nadat ons duidelik gelees het dat Ellen White, onder inspirasie, gesê het dat die priesterskap van Christus reeds by die sondeval in aanvang geneem het, en dat die Bybel duidelik verkondig dat Christus vir ewig as 'n priester aangestel is vandat die Vader vir Hom gesê het dat Hy Sy Seun is, nog steeds, sal sommige mense hulleself gewilliglik verblind met verse soos hierdie:

> Hebreërs 2:16-18 Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy hom. (17) Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. (18) Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Baie mense wat hierdie verse lees, stel voor dat totdat Christus 2000 jaar gelede as mens na hierdie aarde gekom het, Hy nie gekwalifiseerd was om 'n priester te wees nie, want Hy het nie die goddelike-menslike kombinasie in Gees gehad om aan die mensdom te gee nie. Die implikasie van hierdie gedagtegang is dat Christus nie ten volle 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon wees totdat Hy na hierdie aarde gekom het nie. Hy was nie werklik gekwalifiseerd om ons te verteenwoordig nie en Hy was nie in staat om ons te help nie, want Hy het blykbaar nie daardie ondervinding gehad nie. Hy moes as 'n mens gebore word om die menslike ervaring “werklik” te verstaan.

Die eerste reaksie op hierdie gedagtegang is om die vraag te stel of die Een, wat ons geskape het, die vermoë het om die vreugdes en lyding van Sy skepsels te verstaan. Indien ons toelaat dat hierdie idee nie ondersoek word nie, dan sit ons met die ongemaklike gedagte dat ons Vader in die hemel steeds nie in staat

is om ons lyding te verstaan nie, omdat Hy nie na hierdie aarde gekom het en getoon het dat Hy dit saam met ons ervaar het nie (Slegs Sy Seun verstaan ten volle, God die Vader nie). Vergeet ons die woorde van die Skrif?

> Psalms 139:1-7 HERE, U deurgrond en ken my. (2) U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. (3) U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. (4) Want daar is nog geen woord op my tong nie – of U, HERE, U ken dit geheel en al. (5) U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. (6) Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie. (7) Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig.

Ons Vader in die hemel ken ons intiem; Hy ken elke aspek van ons lewens, want nie 'n mossie val op die grond sonder dat Hy dit weet nie. Hy weet hoeveel hare ons op ons kop het, "want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons." Handelinge 17:28. Tweedens sê die Bybel vir ons duidelik dat Christus deur al die dae van ouds, intiem vertroud is met die beproewings en vreugdes van Sy volk.

> Jesaja 63:9 In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.

Die rede waarom ons getroos word deur die eerste koms van Christus, is dat, soos E.J. Waggoner gesê het, die mensdom nie geweet het dat Christus en die Vader ons intiem verstaan het nie, maar vandat Christus gekom het, het ons geweet dat Hy 'n genadige en getroue Hoëpriester is. Dit wat van die begin af geheim gehou is, is nou geopenbaar, en die weg na die Allerheiligste is nou geopenbaar.

Vir diegene wat die merke in Christus se liggaam moet aanraak en duideliker bewys vereis dat Christus gekwalifiseerd was om die mensdom van die sondeval af te verteenwoordig: In antwoord daarop vra ons, wie is die saad van die vrou?

> Galásiërs 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

Wanneer het die Saad na hierdie wêreld gekom?

> Génesis 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.

Die Bybel vertel ons van die bestaan van die Saad van die vrou toe daarvan in Eden gepraat is. Ons vra die vraag, beskou ons 'n kind om eers mens te word wanneer dit gebore word? Bestaan dit nie in sy moeder se skoot as kind vir nege maande, selfs voor dit, terwyl dit aanvanklik heeltemal onbekend en onsigbaar is? Toe Adam en Eva gesondig het, is die Gees van Jesus aan hulle en elkeen wat daarna Sy offer sou erken, gegee. Christus het van die begin van die mensdom af in die harte van mense gewerk, selfs deur pyn en lyding. Soos 'n kind die invloede van die ouers in die baarmoeder ervaar en saam met hulle ly, so het die Gees van Christus in die harte van mense geleer van die lyding van die mensdom en is daardeur beïnvloed. Dit het 4000 jaar geneem vir die Messias om in die wêreld gebring te word en gebore te word, tog was Hy in daardie baarmoeder as die saad van die vrou van die sondeval van die mens af en was daarom gekwalifiseerd om ons priester van daardie tyd af te wees.

Het die ervaring van Christus om na hierdie wêreld te kom, Sy kennis en begrip van die menslike ervaring vermeerder? Absoluut, maar dit het nie beteken dat Hy nie voorheen 'n volkome barmhartige en getroue Hoëpriester was nie. Dit beteken dat Hy toegeneem het in wysheid en grootte en genade by God en die mens, en sterk geword het in die Gees, selfs ook soos die Maan in sy volheid groei. Lukas 2:52; Lukas 1:80.

> Vir vierduisend jaar reeds het die menslike geslag in liggaamlike krag, verstandelike vermoëns, en in sedelike waarde afgeneem; en Christus het die swakhede van die ontaarde mensheid aangeneem. Alleen op hierdie manier kon Hy die mens uit die dieptes van sy val red. *Koning van die Eeue*, 1981, Bl. 89

Soos die mens aanhou om in morele waarde te verminder, het die ervaring van Christus op aarde Hom groter kennis en wysheid gegee om die mens te red van die *laagste* dieptes van agteruitgang waarin hy aanhou gly. Soos die mens aanhou afgeneem het in fisiese en geestelike krag, sowel as in morele waarde, so het Christus voortgegaan om uit te brei in Sy vermoëns om die genade en krag van God toe te pas, wat beskikbaar was vandat sonde in die wêreld gekom het. "Waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword." Rom 5:20.

Nog 'n gedeelte wat gebruik word om dwaalleer te bevorder, as gevolg van 'n verkeerde raamwerk, is hierdie een:

> Hebreërs 7:11-12 As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was – want met die oog daarop het die volk die wet ontvang – waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie? (12) Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet.

Kom ons kyk na kommentaar deur die kerkvaders omtrent hierdie verse.

> Watter behoefte was daar dan aan 'n ander priesterdom? "Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet." (Hebr.7:12). Maar as daar 'n ander priester moet wees, of eerder 'n ander priesterdom, moet daar ook 'n ander wet wees. Dit is vir diegene wat sê: Watter behoefte was daar aan 'n nuwe Verbond? Want hy kon inderdaad ook 'n getuienis uit profesie aangevoer het. "Dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel" (en andere) Hebreërs 8:10. Maar tans argumenteer hy oor die priesterskap. En let op hoe hy dit van die begin af stel. Hy het gesê: "Volgens die orde van Melgisédek." Hierdeur het hy die orde van Aäron uitgesluit. Want hy sou nie gesê het "Volgens die orde van Melgisédek," as die ander ene beter was nie. **Indien daar dus 'n ander priesterdom ingebring is, moet daar ook 'n [ander] Verbond wees**; want dit is ook nie moontlik dat daar 'n priester sou wees sonder 'n verbond en wette en verordeninge nie, **of dat hy, nadat hy 'n ander priesterskap ontvang het, die vorige [verbond] sou gebruik nie**. *Homily on Hebrews by Chrysostom*
> http://www.newadvent.org/fathers/240213.htm

*As daar dan volkomenheid [volmaaktheid] deur Levitiese priesterskap was* (Hebr.7:11), ens: **Uit dieselfde getuienis lei die Apostel af, dat die ou verbond opgehef is deur die koms van Christus.** Hy het tot dusver van die amp en persoon van die priester gepraat; maar aangesien God 'n priesterskap ingestel het met die doel om die Wet te bekragtig, en eersgenoemde word afgeskaf, hou laasgenoemde noodwendig op. Dat dit beter verstaan kan word, moet ons die algemene waarheid in gedagte hou, **— Dat geen verbond tussen God en mens van krag en bekragtig is nie, behalwe dat dit op 'n priesterskap berus.** Daarom sê die Apostel, dat die Wet onder die antieke mense onder die Levitiese priesterskap ingestel is; waarmee hy te kenne gee, dat dit nie alleen in die tyd van die Wet gegeld het nie, maar dat dit, soos ons gesê het, ter wille van die bevestiging van die Wet ingestel is. *Commentary on Hebrews by John Calvin.* (Vry vertaal)

Deur die Ou en Nuwe Verbonde uit te druk as onderling uitsluitende bedelings of tydperke wat voor en na die kruis bestaan het, maak hierdie manne die priesterskappe van Christus en Aäron onderling uitsluitend (m.a.w. geen gelyktydige werking nie). Aäron se priesterskap stel die tyd vanaf Moses tot die Kruis voor, en die priesterskap van Christus stel die tyd vanaf die Kruis en verderaan voor. Daar is baie groot probleme met hierdie idee. Eerstens, aangesien volmaaktheid nie van die Levitiese Priesterskap kan kom nie, indien dit die enigste priesterskap is wat bestaan het, kan daar geen volmaaktheid van karakter in daardie tydperk wees nie en skep dit vir ons 'n probleem om te verduidelik hoe Elia in die hemel opgeneem is. Tweedens is daar geen vergifnis van sondes in die Levitiese priesterdom nie, want die bloed van stiere en bokke kan nie die gewete van sonde reinig nie, dit kan slegs vergifnis simboliseer.

Die Israeliete het nie die Wet van God deur die Levitiese priesterskap ontvang nie. Moses het die Tien Gebooie en verskeie insettinge en verordeninge in Exodus 20-23 voor die bestaan van die Levitiese priesterdom ontvang. In werklikheid was dit nooit God se bedoeling dat die Levitiese Priesterskap moes bestaan nie, want hulle moes almal 'n koninkryk van priesters wees. Ex 19:6. Dit beteken dat God die Israeliete ontwerp het om priesters van Melgisédek se priesterdom te wees (1 Pet 2:9), maar hulle sonde met die goue kalf het daardie moontlikheid vernietig; daarom is die Levitiese Priesterdom met die

Heiligdom, wat buite die kamp geplaas is, gestig. Die Levitiese priesterskap was 'n bediening van die dood. 2 Kor 3:7. Hierdie bediening het niks volmaak gemaak nie, behalwe om 'n beter hoop te bring. Heb 7:19. Die Wet is op so 'n manier toegepas dat dit die dood aan self gebring het, en deur op te tree as 'n tugmeester, sou dit, indien hulle gewillig was, die siel na die voete van Christus bring. In kommentaar op hierdie vers sê Adam Clarke:

> *Want met die oog daarop het die volk die wet ontvang* [Herb.7:11]–Dit is, soos die meeste hierdie interpreteer, met die oog op die *priesterskap* het die volk die wet ontvang,... want die hele Mosaïese wet en die Joodse ekonomie was afhanklik van die priesterskap ... dit is 'n positiewe feit dat die wet gegee is voordat enige priesterskap ingestel is, want Aäron en sy seuns is nie geroep of afgeskei vir hierdie amp totdat Moses die tweede keer van die berg afgekom het met die nuwe kliptafels, nadat hy dit gebreek het nie. Ex 40:12-14. **Maar dit was met die oog op die groot offerstelsel dat die wet gegee is, en op daardie wet is die priesterskap gevestig**; *Adam Clarke Commentary on Heb 7:11* (Vry vertaal)

Die verandering in die wet was dat slag- en spysoffer opgehou het (Dan 9:27), en daarom het die priesterskap wat dit toegepas het ook opgehou. Die werk van oortuiging van sonde is direk deur die Heilige Gees gedoen (Joh 16:8) deur die sondaar na gekruisigde Verlosser te wys. Nadat die kruis geopenbaar is, was die voormalige administrasie oorbodig. Melgisédek se priesterskap het nie meer die Levitiese priesterskap benodig om as 'n kanaal op te tree om sondaars na Christus te bring nie. Die Gees van God het hierdie werk nou direk deur die prediking van die gekruisigde Verlosser gedoen. En so is die Here se begeerte van die begin af vir 'n koninkryk van priesters, uiteindelik bereik in die dood van Christus aan die kruis, soos geopenbaar in 1 Pet 2:9. Die Melgisédek-priesterskap, wat so lank verborge was, word nou duidelik gemanifesteer.

Hoe wonderlik om te weet dat ons Verlosser oorvloedig is in genade teenoor ons; en dat Hy vir ewig 'n priester is volgens die orde van Melgisédek, en bereid om ryke strome van genade aan alle volke van alle eras uit te deel. In werklikheid was Melgisédek self 'n kanaal vir die bediening van Christus.

> Dit was Christus wat deur Melgisédek, die priester van die Allerhoogste God gespreek het. Melgisédek was nie Christus nie, maar hy was die stem van God in die wêreld, die verteenwoordiger van die Vader. En Christus het dwarsdeur al die geslagte van die verlede gespreek; Christus het sy volk gelei, en was die lig vir die wêreld. *Review and Herald* 18 Feb 1890. (Vry vertaal)

Net soos wat die lig van hierdie wêreld vanaf die eerste dag van die Skepping in die duisternis geskyn het en daarna het die son, maan en sterre op die vierde dag lig gemanifesteer, so is Christus ook priester vanaf die sondeval, maar het aan die einde van die 4de millennium van die geskiedenis van die wêreld homself gemanifesteer. Dit wat verborge en geheim gehou en deur skaduwees getoon is, is 2000 jaar gelede gemanifesteer en aan die lig gebring en uitermate vergroot.

Laat ons nie soos Julianus die Afvallige, keiser van Rome, wees wat verklaar het dat die Génesis-skeppingsverhaal 'n mite en onlogies is nie, want lig is op die eerste dag geskape, maar die son op die vierde dag. Hy het 'n sigbare ligbron benodig voordat hy kon glo dat daar enige lig kan wees; hy het nodig gehad dat die son op dag 1 verskyn. Daar is baie wat geestelik in sy voetspore volg, wat nie glo dat Jesus van die begin af by ons was nie, want hulle kon Hom nie sien nie, maar hulle glo dat Hy by ons is sedert die 4de millennium, nadat Hy as 'n mens gebore is en ons Hom kon sien. Maar ons wat geestelik is, sien die geestelike les tot die skeppingsverhaal, en die geestelike toepassing daarvan.

> 1 Korinthiërs 2:10-13 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. (11) Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. (12) Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

Sal jy jouself ten volle aansluit by die Eerste Engel van Openbaring 14 wat die ewige evangelie in sy hand het, of sal jy vashou aan 'n valse instelling van die verbonde en voortgaan om dwaalleer te bevorder met die waarheid? Sal jy aanhou om jouself te beroof van die ewige Priester, wie Sy ryke genade van die grondlegging van die wêreld af uitgedeel het?

# U is Priester vir Ewig

**“Die priesterskap van Christus het begin net nadat die mens gesondig het. Hy is as 'n priester aangestel volgens die orde van Melgisédek.** Satan het gedink dat die Here sy houvas op die mens prysgegee het, maar die Ster van Hoop het die donker en somber toekoms met die evangelie wat in Eden verkondig is, verlig.” Ms43b-1891 (4 Julie 1891) par. 5

Die ewige evangelie is van ewigheid af en kom tot die hele wêreld in hierdie laaste dae. Die evangelie is verkondig aan die twee in Eden, deur Noag aan die wêreld voor die vloed, 'n prediking van geregtigheid, en aan die nageslag van Abraham, Isak en Jakob, die Kinders van Israel. Jesus het hulle op Sy bors gedra “al die dae van die ou tyd” en hulle gered deur die ewige voorspraak van Sy bloed as die Lam van God, geslag van die grondlegging van die wêreld af.

Leraar Ebens verduidelik die verbonde in die lig van Melgisédek se priesterskap van Christus wat “begin [het] net nadat die mens gesondig het.”